

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

February 2022 Edition 1

Hats off to the Class of 2021

Despite the challenges faced by the matric class of 2021 due to the Coronavirus Disease (COVID-19), they achieved a pass rate of 76.4%, earning the praise of President Cyril Ramaphosa.

This is an improvement of 0.2% from the pass rate of 76.2% achieved by the class of 2020.

Announcing the results of the National Senior Certificate (NSC) exam results recently, Basic Education Minister Angie Motshekga said 537 687 candidates passed the 2021 NSC exams.

"The number of candidates qualifying for admission to Bachelor studies at universities, is 256 031 – an improvement of 21.4% from 2020. This represents 36.4% of the total number of candidates who wrote the 2021 NSC exams," the Minister



■ The Matric Class of 2021 was applauded on their success with the overall pass rate at 76.4%.

added.

The number of candidates who achieved Diploma passes stood at 177 572, while 103 859 candidates

achieved Higher Certificate passes.

"We must state that KwaZulu-Natal and Gauteng contributed the most Bache-

lor passes in the combined Bachelor passes of 117 704, which is equivalent to 46.0% of the overall Bachelor passes nationally.

"It is important to note that a total of 433 603 candidates – equivalent to 61.6% who achieved Bachelor and Diploma passes, are now eligible for studies at Higher Education Institutions. The 103 859 candidates – equivalent to 14.7% - who obtained Higher Certificate passes, may register at TVET and other skills training institutions," the Minister added.

She applauded the Class of 2021 for their achievement, saying they were most impacted by the COVID-19 pandemic after enduring two years of harsh exposure to the virus and disruptions.

Minister Motshekga said that for the past 10 years, the NSC pass rates have consistently increased, from 60% in 2009, to above 70% in recent years.

President Ramaphosa also congratulated the Class of 2021 on their success.

"We applaud the multiple successes and improvements recorded by learners during the second year of challenges presented by COVID-19.

"Equally commendable is the support given to learners by educators and parents who made sacrifices of their own and placed the interests of learners ahead of their own concerns," he said.

SAnews.gov.za

Free training and services for businesses

Page 6

STAY SAFE

VACCINATE TO SAVE SOUTH AFRICA

TOGETHER WE CAN BEAT THE CORONAVIRUS

New shelters to support GBV survivors

Page 5

2030 NDP

To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:

Available on the Google play

Available on the App Store

Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US

Website: www.gcis.gov.za Email: vukuzenzele@gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimoseiso House:
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083



Werk saam om die demokrasie te versterk



Soos Suid-Afrika die nuwe jaar tegemoet gegaan het, is ons gekonfronteer met twee diepgaande gebeurtenisse wat ons op verskillende maniere herinner aan wat ons as 'n nasie saamsnoer.

Op die eerste dag van 2022 het die nasie in die gees bymekaargekom om afskeid te neem van aartsbiskop Desmond Tutu by die St. George's Katedraal in Kaapstad.

Dit was 'n baie hartseer oomblik soos wat ons teruggedink het aan die lewe en bydrae van 'n geliefde landgenoot wat op verskeie maniere die morele gewete van ons nasie was.

Sy begrafnis was terselfder tyd 'n viering van die waardes wat hy voorgestaan het. Dit was 'n viering van die groot eenheid en diversiteit van ons mense, en 'n herinnering aan die opofferings wat deur so baie mense gemaak is om ons demokrasie te vestig.

Op die tweede dag van 2022

het die land in afgrysse toegekyk hoe 'n groot vuur ons parlement verswelg, net honderd meter weg van waar ons die vorige dag bymekaargekom het om ons laaste eer aan aartsbiskop Tutu te betoon.

Ons is verlig dat daar geen lewensverlies was nie en dat niemand in die brand beseer is nie. Ons is uiters dankbaar teenoor die brandbestryders wat die brand bestry en uiteindelik geblus het.

Die ondersoek na die oorsaak van die brand is tans aan die gang. Ons moet seker maak dat dié ondersoek deeglik en sonder vertraging afgehandel word. Die land moet weet wat gebeur het.

Daar word reëligns getref om te verseker dat die werk van die parlement kan voortgaan, selfs al kan die gebou nie gebruik word nie.

Dit is noodsaaklik dat die parlement voortgaan om wette te oorweeg en deur te voer wat die samelewing sal transformeer en wat voort-

gaan om oorsig te verskaf, en verantwoordbaarheid verseker namate die regering werk om die mandaat wat hy van sy mense ontvang het, te implementeer.

Behalwe dat die St. George's Katedraal en die parlement naby aan mekaar geleë is, word die twee geboue ook verbind deur die herinnering aan dit wat ons as Suid-Afrikaners bymekaar bring: ons demokrasie.

Ons treur oor Desmond Tutu, want hy was die geestelike vader van ons demokrasie. Ons wil wanhoopig raak oor die vernietiging van ons parlamentsgebou, want dit is die setel van ons demokrasie. Dit is die plek waar die nuwe demokratiese grondwet net meer as 25 jaar gelede aanvaar is, en waar honderde transformerende wette goedgekeur is.

Ons besef dit nie altyd nie, maar die brand by die parlement het gedemonstreer hoe sterk Suid-Afrikaners

oor hulle demokrasie voel. Dit is ook 'n herinnering aan hoe belangrik dit is dat ons hard daaraan werk om die demokrasie te versterk en te verdedig.

Alhoewel die parlamentsgebou so erg beskadig is dat ons nie daar kan werk nie, gaan die parlement as instelling in diens van die mense voort. Dit is 'n belangrike herinnering dat ons demokratiese instellings nie gedefinieer word deur die geboue wat hulle huisves nie, maar deur die werk wat hulle doen en deur die vertroue wat die mense in hulle het.

Dit geld vir al die instellings van ons demokrasie.

Terwyl die brand in die parlement uiteindelik geblus is, het waarnemende hoofregter, Raymond Zondo, die eerste deel van die verslag van die Kommissie van Onderzoek na Staatskaping ingehandig.

Dié gedeelte van die verslag sit uiteen hoe verskeie staatsinstellings geïnfiltrer, geplunder en ernstig benadeel is. Dit sluit instellings in staatsbesit in soos die Suid-Afrikaanse Lugdiens, die regering se kommunikasiediens en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

Hierdie gedeelte van die verslag skets 'n baie ontstellende prentjie oor hoe sleutelinstellings van ons demokrasie onder verdenking geplaas en ondermyn is deur kriminele aktiwiteit. Nie net is beduidende bedrae geld gesteel nie, maar hierdie instellings was nie in staat om die funksies waarvoor hulle opgerig is na

behore te verrig nie.

Die bevindinge en aanbevelings van die Zondokommissie sal die land help om dié instellings te herbou en die verantwoordelike persone verantwoordbaar te hou. Ons moet seker maak dat ons dié bevindings gebruik om dié instellings in die toekoms te beskerm sodat hulle nooit weer geëskap word nie.

Ons moet ons demokrasie waarvoor ons so hard gewerk het, beveilig teen enige pogings om dit leed aan te doen – of dié pogings nou die vorm van korrupsie in staatsondernemings, die ondermyning van ons wets-toepassingsagentskappe, die sabotasie van ons ekonomiese infrastruktuur, of aanvalle op die onafhanklikheid en integriteit van ons regbank, aanneem.

Ons moet ons grondwet, ons demokratiese staat en die verkiesingsproses beskerm teen enigeen wat ons demokrasie wil verswak en die Suid-Afrikaanse mense van hulle swaarverdiende vryheid wil ontsê.

Daar is baie uitdagings wat ons in die gesig moet staar namate ons werk om te herbou en van die nagevolge van die Kovid-19-pandemie te herstel.

Soos ons dit doen, laat ons krag en bemoediging put uit ons diepe toewyding aan ons demokrasie en ons gemeenskaplike begeerte om 'n nasie te bou wat verenig, vry en gelyk is.

Ek wens u almal net die beste toe vir die jaar komende jaar.

Gratis opleiding en dienste vir besighede



Drie regeringsentiteite is daarop ingestel om dit maklik te maak om sake in Suid-Afrika te doen om die ekonomie uit te brei.

Daar is onlangs 'n Vuk Talk-webinaar gehou om bewusmaking te skep van die mandaat, beleide en dienste wat deur die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (CIPC), die Maatskappytribunaal (CT) en die Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtigingskommissie (BGSEB-kommissie) aangebied word. Dit is almal entiteite van die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging.

Volgens Ofentse Shakung, die CIPC se bestuurder van innovasie en samewerking en direkteur van e-leer, het die CIPC verskeie funksies, waaronder die registrasie van maatskappye, koöperasies en intellektuele eiendomsregte (handelsmerke, patente, ontwerpe en kopiereg).

Die CIPC het sy BizPortal-platform ontwikkel om aanlyn maatskappyregistrasie en verwante dienste te bied om

die proses te vereenvoudig om 'n besigheid te registreer en aan die nodige vereistes te laat voldoen.

BizPortal bied 'n eenstopplatform aan diegene wat 'n besigheid wil begin om 'n maatskappy te registreer, vir belasting te registreer, 'n domeinnaam te registreer, aansoek te doen vir 'n BGSEB-sertifikaat, om by die Vergoedingsfonds en die Werkloosheidsversekeringsfonds te registreer, en om 'n besighheidsbankrekening oop te maak.

"Dit is 'n papierlose proses en die maatskappy sal binne 24-uur nadat die aansoek ingedien is, geregistreer wees. Ons het ook Google se besighheidsdienste bygevoeg, wat maatskappye in staat stel om 'n gratis besighheidsprofiel en statiese maatskappywebblad te hê," sê Shakung.

Besoek www.bizportal.gov.za en klik op "register" bo-aan die bladsy om van dié dienste gebruik te maak. Dit is maklik om die portaal te navigeer en dit bied inligting stap-vir-stap aan oor hoe om 'n besigheid te registreer.

Gratis opleiding

Die CIPC het ook onlangs 'n gratis aanlyn opleidingsplatform, Learn-i-Biz, bekendgestel om klein, medium en mikro-ondernemings se direkteure en entrepreneurs te help om hulle kapasiteit uit te brei om suksesvolle besighede te bestuur terwyl daar verseker word dat hulle aan die nodige wetlike vereistes voldoen.



"Die platform is 'n digitale studiegids en sluit videohandleidings en 'n selfeksamineringstoets in vir elkeen van die sewe modules," sê Shakung.

Die modules sluit opleiding in oor wat 'n maatskappy en 'n direkteur is, oor wie die sleutelpersone in 'n maatskappy is, die verantwoordelikhede

van 'n direkteur, persoonlike finansiële belange en 'n konflik van belange, vergoeding van direkteure en verspreidings, en die raad van direkteure.

Besoek www.elearning@cipc.co.za om vir die opleiding te registreer.



Maatskappytribunaal

Dr. Mohammed Chicktay, die voorsitter van die CT, het verduidelik dat die entiteit help om 'n spoedige oplossing vir maatskappyseskille te verkry wat verband hou met aansoeke en klagtes wat ingevolge die Maatskappywet, wetnr. 71 van 2008, gelê word.

Dit sluit geskille in wat verband hou met maatskappyname, direkteurskap en vrystelling van die vestiging van 'n maatskaplike en 'n etiese komitee. Dit hersien ook voldoeningskennisgewings wat deur die CIPC uitgereik word wat verband hou met verlengde tyd om jaarlikse finansiële state voor te berei en om algemene jaarvergaderings te belê.

"Die CT hanteer verskeie aansoeke. Ons het, byvoorbeeld, tydens KOVID-19 baie aansoeke ontvang vir die aanskuif van die datum om 'n algemene jaarvergadering te belê," sê Chicktay.

Nog 'n gratis diens wat deur die CT gelewer word, is geskilbeslegting. 'n Persoon kan 'n saak vir beslegting verwys d.m.v. bemiddeling, versoening of arbitrasie, as 'n alternatief om hof toe te gaan. Die CT dien as fasiliteerder tussen die partye.

"Die CT moedig bemiddeling aan sodat mense hulle

werk kan behou, veral tydens KOVID-19, en mense moet meer daarvan gebruik maak," sê Chicktay.

Besoek www.companiestribunal.org.za vir meer inligting oor die dienste wat die CT bied.

BGSEB-kommissie

Volgens Lindiwe Madonsela, die BGSEB-kommissie se senior voldoeningsbestuurder, is die entiteit se mandaat om voldoening aan die BGSEB Wet 46 van 2013 te kontroleer, te bevorder en daarvoor toesig te hou.



Hy ondersoek ook frontvoorhoudingspraktyke, poog om kennis te verbreed en openbare bewusmaking rondom BGSEB te bevorder deur die implementering van opvoedkundige en bewusmakingsmaatreëls, en verskaf leiding aan die publiek.

Enige persoon wat vermoed of bewus is dat die Wet oortree word, soos dat swart mense as front gebruik word om BGSEB-punte te verdien, kan 'n klag by die kommissie lê.

Byvoorbeeld, werknemers in 'n entiteit mag dalk bewus wees dat frontbemaagtiging gepleeg word deur swart mense as aandeelhouers of bestuursbeampies voor te hou wanneer hulle nie is nie, sê Madonsela.

Besoek www.bbbeeommission.co.za vir meer inligting oor die BGSEB-kommissie.